Ons stel graag ‘n kort en kragtige seminaar vir volwassenes en jongmense met passie in jou gemeente, bekend.
Ons doen ook tydens die seminaar sinvolle en kreatiewe metodes aan die hand vir deurlopende uitreik-aksies vanuit die gemeente, in eie omgewing.
Dit, in aanloop en as toerusting vir EE SA se uitdaging tot May-Day doelgerigte uitreikdag op Sondag 29 Mei, aan elke evangeliese gemeente.

Chris Bester, EE SA, 082 444 5685 & WhatsApp www.ee3.org.za

EVANGELISM EXPLOSION
DEEL JOU GELOOF

Evangelie Getuienis Seminaar

Prakties! Effektief! Dinamies!

'n 'Handige' benadering om vriendskappe te bou, die GOEIE NUUS te deel
...en jou geloofsgemeenskap te help groei...

Verstaan en deel die verlossingsboodskap van Jesus eenvoudig, vrymoedig en verstaanbaar met geliefdes en vriende – maak ‘n ewigheidsverskil!

NG Kerk Lourensrivier Strand

H/V Broadway & Da Gamastraat

Saterdag 14 Mei 2022 08.45–13.00

Seminaarfooi: jou hartlike liefdesoffer, sluit in opwindende seminaar- en uitreikmateriaal

Bevestig asb. jou plek nie later nie as Wo. 11 Mei by

Riata 021 853 5991 / 082 560 5283

Gelowiges en vriende van alle gemeenskappe is welkom

BYBELSTUDIE STORMHAVEN PARK

12 Mei 2022 om 10:00

Koördineerder: Coenie Basson - 082 552 1850

Tee na die erediens

Gemeentelede het ‘n behoefte om weer na die oggenderedienste in Patmos/Kosmos tee te drink en met die opheffing van die ramptoestand, mag ons dit nou doen. Dankie aan Elisma Lotz wat aan die roer van sake is, maar ons het vrywilligers nodig om haar te help en af te los. Gee asb. jou naam by die kerkkantoor (021 852 1787) op as jy vir ons kan help sodat ons ‘n lys van vrywilligers met kontakbesonderhede aan Elisma kan voorsien.

Jy is ‘n vrou met uithouvermoë
‘n Vrou met ‘n hart wat kan glo
Jy’s sag, vol liefde en afgerond
Met ‘n persoonlikheid
Meer werd as goud
Jy kan lag
Jy kan luister
Jy ken liefde en jy verstaan
Jy’s snaaks maar ook ernstig
Jy is gemotiveerd
Jy ken jou Skepper
Maar bo alles.....
Is jy maar net God se meisiekind!